

Wat Leer die Bybel oor
**Rein en
Onrein Diere?**



Hierdie publikasie mag nie verkoop word nie.

Dit is 'n gratis opvoedkundige diens, in die openbare belang, wat deur die United Church of God, *an International Association* gepubliseer word.

Wat Leer die Bybel oor

Rein en Onrein Diere?

© 2021 United Church of God, South Africa

© 2001, 2008 United Church of God, *an International Association*

Oorspronklike titel - *What Does the Bible Teach About Clean and Unclean Meats?*

Alle regte voorbehou.

Die Skrifgedeeltes in hierdie uitgawe is geneem
uit die Bybel 1933/1953 vertaling, tensy anders vermeld.

Rein en Onrein Diere: Maak God se Woord 'n Onderskeid?

Baie mense het wanopvattinge oor die Bybelse leer oor rein en onrein vleis. Wat openbaar die Skrif werklik oor hierdie onderwerp?

God het al Sy wette om goeie redes gegee. Hulle leer ons Sy standarde—hoe om reg te onderskei van verkeerd, goed van kwaad, wat voordelig is van wat skadelik is. Hulle leer ons om dit wat heilig is—dit wat God afsonder—te onderskei van die gewone. Hulle definieer die manier waarop ons ook heilig moet wees, afgesonder vir God se voorname.

Soos ons die Bybelse wette in ons lewens toepas, moedig dit ons aan om anders te dink, om meer soos God te dink. Hulle verander ons persepsies. Byvoorbeeld, die onderhouding van God se Sabbatdae verander die manier waarop ons oor dit dink en hoe ons tyd gebruik. Sy wette oor tiendes, met betrekking op gedeeltes van ons inkomste, verander ons persepsie en gebruik van ons fisiese hulpbronne.

Op dieselfde manier verander God se wette aangaande vleis wat gepas of onvanpas is vir menslike gebruik—in die Skrif “rein” en “onrein” genoem—ons siening oor baie dinge wat ons eet.

God verwag van geestelike leiers om Sy mense te leer om te onderskei tussen die regte en verkeerde gedrag soos in die Bybel uiteengesit. Hy sê deur die profeet Esegjël: “En hulle moet my volk die onderskeid leer tussen wat *heilig* en *onheilig* is, en hulle bekend maak die onderskeid tussen wat *onrein* en *rein* is” (Esegjël 44:23, beklemtoning deurgans bygevoeg).

Alhoewel sommige van God se wette op die oog af ongewoon lyk en ons dalk nie onmiddellik die volle rede daarvan begryp nie, help dit ons om fisiese probleme en, nog belangriker, morele en geestelike bederf te vermy. Die Woord van God bied 'n patroon vir 'n fisies, geestelik en moreel gesonde lewe. God gee Sy beginsels van gesondheid en reinheid vir ons beswil, in hierdie lewe sowel as in die toekomstige lewe (1 Timoteus 4:8).

Een rede vir ons bestaan is om te leer om ons lewens te baseer op die woorde van God (Matteus 4:4; Lukas 4:4; Deuteronomium 8:3). God se Woord—die Bybel—sluit alle aspekte van ons lewens in, insluitend wat ons eet. Mense besef dikwels nie dat God 'n onderskeid gemaak het wat onthul watter vleis vir die mense geskik is om te eet nie. Sommige meen dat hierdie onderskeid nie meer van toepassing is nie. Maar kom ons kyk eerder wat sê die Bybel oor hierdie sake as om op mense se mening te vertrou.

Gewilde idees oor onderskeidings

Aangesien baie mense dit geniet om varkveis (ham, spek, wors, ens.) te eet en geen onmiddellike nadelige gevolge ondervind nie, het sommige na wetenskaplike redes gesoek wat God moontlik in gedagte gehad het toe Hy vir die ou Israeliete gesê het om nie varkveis te eet nie (Levitikus 11:7; Deuteronomium 14:8). Een teorie is dat God die eet van varkveis verbied het sodat die Israeliete nie sekere siektes, soos triginose, wat varke kan dra, sou kry nie. Die Israeliete het immers nie yskaste gehad nie, en navorsers het mense nog nie gewaarsku om varkveis deeglik te kook om enige potensiële siektedraende organismes dood te maak nie.

Aangesien moderne navorsing hierdie siekteprobleme klaarblyklik opgelos het en ons selde hoor van parasiete wat deur halfgaar vleis na mense oorgedra word, neem baie mense aan dat varkveis nou vir God aanvaarbaar is (sien “'n Kwessie van Behoorlik Gaarmaak?” op bladsy 27). Aangesien baie mense hul hele lewe lank varkveis eet en tot op 'n ryp ouderdom leef, aanvaar die gemiddelde persoon—as hy enigins daarvoor dink—dat die eet van varkveis min of geen invloed op gesondheid of langlewendheid het nie.

Navorsing het sommige dokters en voedingkundiges egter oortuig om aan te beveel dat sommige van hul pasiënte varkveis en skulpvis ('n ander kategorie van onrein voedsel in die Bybel) in hul dieet moet vermy; hulle verstaan dat sommige mense hierdie vleis nie behoorlik verteer nie. Sommige sal dus erken dat die vermyding van sekere vleis sinvol is vir mense met spesifieke gesondheidsprobleme, maar nie as 'n reël vir almal nie.

Die meeste godsdienstleiers het 'n perspektief aangeneem wat ooreenstem met hierdie wetenskaplike redenasie. Teoloë het aangeneem dat die wette van rein en onrein vleis ontstaan het onder die Ou Verbond met eertydse Israel en tot 'n einde gekom het met die totstandkoming van die Nuwe Verbond. Hulle glo dus dat baie wette uit die Ou Testament nie meer op Christene van toepassing is nie.

Baie dink Paulus het hierdie benadering bevestig toe hy gesê het: “Ek weet en is oortuig in die Here Jesus dat niks op sigself onrein is nie, maar hy wat reken dat iets onrein is, vir hom is dit onrein” (Romeine 14:14). (Sien “Verstaan ‘Onrein’ in Romeine 14” op bladsy 8.)

Hierdie redenasie plaas God in die rol van meesterarts in die Ou Testament, en Jesus Christus in die rol van bevryder van God se wet, in die Nuwe Testament. As ons aanneem dat God bloot na die gesondheid van die eertydse Israeliete gekyk het, word die Bybelse lyste van rein en onrein diere slegs primitiewe gesondheidskwessies waarvoor die moderne, verligte, bevryde mensdom nie meer behoefte het nie. Die gewilde redenasie is dat Christus dit verstaan het en Sy volgelinge die vryheid gegee het om self oor sulke sake te besluit. Sommige glo dat God enige besluit wat ons oor sulke dinge neem, sal eerbiedig.

Hierdie gewilde beskouing word deur die meeste kerke geleer. Die belangrikste vraag bly egter: weerspieël dit die Bybelse lering akkuraat?

God se siening is anders

God het die mens na Sy beeld gemaak (Genesis 1:26-27). Daardeur het Hy mans en vroue die vermoë gegee om te redeneer. Alhoewel dit 'n wonderlike gawe is, is ons denkvermoë nie onfeilbaar nie. Toe eertydse Israel se redenasie skeefgeloop het, het God gesê: “Kom nou en laat ons die saak uitmaak” (Jesaja 1:18).

Maar die Skrif sê ook dat God vir ons sê: “Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes” (Jesaja 55:8-9).

God, nie die mens nie, is dus die gesag oor ons gedrag (Spreek 14:12), insluitend die besluit oor watter voedsel ons mag eet of nie.

Boonop het die groot profeet Jeremia openlik erken: “Ek weet, o HERE, dat aan die mens sy weg nie toebehoort nie; *nie aan 'n man om te loop en sy voetstap te rig nie*” (Jeremia 10:23).

In die lig van hierdie Bybelverse moet ons die kwessie van rein en onrein vleis deeglik ondersoek. Ons moet seker wees dat ons God se perspektief verstaan in plaas daarvan om uitsluitlik op ons eie redenasie te vertrou.

Die oorsprong van die onderskeidings

Die eerste Bybelse verslag wat die onderskeid tussen rein en onrein diere aandui, dokumenteer gebeure wat lank voor die Eksodus plaasgevind het. Byna 1,000 jaar voordat God 'n verbond met die volk Israel gesluit het, trouens eeue voordat daar nog 'n Israel was, het Hy Noag aangesê om twee van elke soort onrein dier in die ark te neem en sewe paar van elke rein dier (Genesis 6:19; 7:2).

God het nie vir Noag in hierdie verslag gesê dat Hy vir die eerste keer 'n onderskeid maak tussen rein en onrein diere nie. God het eenvoudig gesê: “Van al die rein diere moet jy vir jou telkens sewe paar neem, die mannetjie met sy wyfie; maar van die diere wat nie rein is nie, twee, die mannetjie met sy wyfie” (Genesis 7:2).

Dit was nie vir God nodig om vir Noag die betekenis van *rein* en *onrein* te definieer nie. Noag het God se opdrag en wat van hom vereis was verstaan, en hy het gehoorsaam. Om te verstaan wat God met hierdie terme bedoel het, moet ons na ander hoofstukke van die Bybel gaan—Levitikus 11 en Deuteronomium 14.

Die verslag in Genesis oor Noag toon dat die onderskeid tussen rein en onrein diere vroeg in die geskiedenis bestaan het, lank voordat God Sy verbond met Israel bekragtig het. So toon die Bybel self duidelik dat die algemene idee dat die reinheid en onreinheid van diere in die Ou Verbond ontstaan het, verkeerd is. Aangesien hierdie onderskeidings lank voor die Israelitiese offerstelsel en die Levitiese priesterskap bestaan het, volg dit nie dat dit sou ophou met 'n verandering in die offerstelsel of die priesterskap nie. Soos ons sal sien, leer die Bybel dat die onderskeid tussen rein en onrein nog nooit opgehef is nie

en dat die onderskeid om goeie redes steeds bestaan.

'n Ander gebrek in sommige mense se begrip is dat God se wet nie bestaan het tot op die spesifieke tyd van die wet se eerste vermelding in die Bybel nie. Hierdie wanopvatting lei tot die ewe gebrekkige oortuiging dat die enigste wette wat op Christene van die Nuwe Verbond van toepassing is, dié is wat in die Nuwe Testament na Christus se kruisiging herhaal is. Jesus self het hierdie redenasie as onwaar afgemaak (Matteus 5:17-19). Alhoewel sulke aannames oor wanneer God se wet in werking getree het nie Bybelse bewyse het nie, is dit tog 'n belangrike saak wat ons moet oorweeg—die kontinuïteit van God se wet.

Die aard van God se wet

Sommige mense redeneer dat God Adam en Eva toegelaat het om enige dier te eet maar die reëls vir Noag verander het. Of hulle beweer dat Noag enige soort dierenvleis kon eet omdat God geen spesifieke instruksies geopenbaar het wat hom uitdruklik verbied het om dit te doen nie.

So 'n redenasie is inherent gebrekkig. Dit ignoreer die *permanente* aard van die *geestelike beginsels* wat die basis vorm vir die onderrig wat God aan die mensdom gegee het.

God baseer Sy instruksies aan mense op geestelike beginsels wat nog altyd bestaan het. Net soos God ewig is (Deuteronomium 33:27; Psalm 90:2), so ook die beginsels wat Sy ewige karakter en natuur weerspieël (Maleagi 3:6; Hebreërs 13:8). God se wet is gebaseer op Sy onveranderlike karakter, nie afhanklik van gebeure en gesindhede wat in die menslike geskiedenis heers nie.

Die Bybel, van die begin tot die einde, is 'n boek oor die wet. Dit is egter nie as 'n suiwer regsboek geskryf nie. Die Hebreeuse woord vir wet (*torah*) omvat *rigting* en *onderrig*, konsepte wat baie wyer is as blote regsodes. God se wet het bestaan voordat die Bybel neergeskryf was. Soos Paulus opgemerk het, is “die wet geestelik” (Romeine 7:14).

Die Bybel is 'n boek oor *verhoudings*—spesifiek hoe mense in die verlede 'n verhouding met God gehad het, en op grond van hul ervarings, hoe ons met Hom moet handel. God se wet—Sy leiding en instruksies vir mense—bied die riglyne vir die ontwikkeling van 'n verhouding met Hom wat lei tot die ewige lewe (Johannes 17:2-3).

Met verloop van tyd, namate ons verhouding met God ontwikkel, leer ons meer oor wat Hy van ons verwag—die gedagtes en dade wat onder Sy wet aanvaarbaar is—en begin ons daarvoor dink en daardie dinge doen (Matteus 7:21; Johannes 14:15; Openbaring 14:12).

Wanneer ons die geestelike beginsels wat die basis van God se wet is verstaan, soek ons nie skuiwergate in Sy wet om nie te doen wat Hy beveel nie. As ons 'n liefdevolle verhouding met Hom geniet, onderhou ons Sy gebooië (1 Johannes 5:2). Soos die apostel Johannes vir ons sê: “Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooië bewaar; en sy gebooië is nie swaar nie” (vers 3). Al God se gebooië bestaan tot ons voordeel.

Het iets in die wet verander?

Kom ons kyk na 'n addisionele oorweging rakende die aard van God se wet. Sommige sal argumenteer dat die hele wet van God tydelik is as gevolg van ooglopende veranderinge sedert die Ou-Testamentiese tyd met betrekking tot die wette van offerandes en besnydenis. Hierdie argument is gewortel in verwarring oor hoe hierdie veranderinge ontstaan het.

Die Bybel merk op dat sommige van hierdie verwarring spruit uit verskille in

Hoe Moet Ons die Skrif Verstaan?

Die apostel Paulus het aan 'n mededienaar geskryf: “Die hele Skrif is deur God *ge-inspireer* en is nuttig om ons te onderrig, die verkeerde te weerlê, om ons tereg te wys en om die regte leefstyl by ons te kweek. Dit is God se manier om sy mense voor te berei vir hulle taak, ten volle toegerus vir elke goeie ding wat Hy wil hê hulle moet doen” (2 Timoteus 3:16-17, *Nuwe Lewende Vertaling*). Toe Paulus hierdie woorde geskryf het, was die Skrifte waarna hy verwys het dié wat ons nou die Ou Testament noem. Die geskryfte wat uiteindelik as die Nuwe Testament bekend sou staan, was nog nie as die Skrif aanvaar nie; sommige van hulle was nie eers geskryf nie.

Die Bybel self sê vir ons dat ons dit as 'n eenheid moet verstaan; die *hele* Skrif is geïnspireer as die goddelike gids vir menslike gedrag. Deur al die skrifte oor 'n gegewe onderwerp saam te stel, laat ons die Bybel toe om homself te interpreteer en gee dit ons 'n volledige en samehangende siening van God se onderrig oor spesifieke areas van die lewe.

Om elke gedeelte in 'n ander konteks te beskou, maak die Bybel weinig meer as 'n teenstrydige, ontkennde versameling van menslike geskryfte eerder as 'n goddelike openbaring. Paulus se opdrag in 2 Timoteus 3:16-17 wys vir ons die grondliggende begrip waardeur ons die Bybel behoorlik kan begin interpreteer: *Dit alles* is God se geïnspireerde openbaring.

'n Geleentheid om behoorlike Bybelse

interpretasie toe te pas, kan gevind word in Genesis 9:3: “Alles wat beweeg en lewe, sal julle voedsel wees. Net soos die groen plante, gee Ek dit alles aan julle.” As ons hierdie gedeelte as deel van 'n volledige prentjie verstaan, erken ons dit as 'n algemene stelling oor God wat diere vir voedsel voorsien, net soos Hy plante vir menslike gebruik voorsien het.

Latere skrifte wys dat die mensdom nie elke dier moet eet nie, net soos ons nie elke plant moet eet nie. Die vergelyking “net soos die groen plante” verduidelik dit. Neem in ag dat sommige spesies plante, soos sekere diere, hoogs giftig is en dodelik kan wees as dit ingeneem word. Tog voorsien die diereryk voedsel aan ons—die wesenlike punt van Genesis 9:3.

Sommige wat 'n inkonsekwente, ontkoppelde styl van Bybelse interpretasie aanneem, glo dat hierdie gedeelte die onderskeid tussen rein en onrein diere, waarvan in Genesis 7 gepraat word, herroep. Hierdie gebrekkige metode van Bybelse interpretasie voeg begin- en eindpunte vir God se wette kunsmatig in, en maak dit—en hulle Gewer—in werklikheid inkonsekwent en arbitrêr. God is eenvoudig nie so nie; Hy is beide konstant en konsekwent (Maleagi 3:6; Jakobus 1:17).

God verwag van ons om te leer om Sy Woord behoorlik te verstaan en toe te pas (2 Timoteus 2:15). Die Bybel interpreteer die Bybel!

bediening of *administrasies*. Paulus, wat oor God se “geestelike” wet geskryf het (Romeine 7:14), het ook geskryf oor die “verskeidenheid van *bediening*, en tog is dit dieselfde Here” (1 Korintiërs 12:5). Paulus het ook geskryf oor die verskille tussen die Ou Verbondsbediening, of administrasie, in vergelyking met die van die Nuwe (2 Korintiërs 3).

Administratiewe veranderinge moet egter nie verwar word met God se wet self nie, wat Jesus duidelik gesê het vandag nog bly bestaan en van toepassing is (Matteus 5:18). God het dit toegelaat en, in sommige gevalle, aanpassings in die administratiewe toediening van God se wet aangewys. In elke geval beskryf die Skrif sulke administratiewe veranderinge. Ons vind geen administratiewe verandering in die Nuwe Testament met betrekking tot rein en onrein vleis nie.

Kodifisering van voorheen geopenbaarde wette

God se wette het bestaan lank voor Moses en die Israëliete op die toneel verskyn het. God sê byvoorbeeld van Abraham, wat etlike eeue voordat die Israëliete Egipte verlaat het geleef het, dat hy “na my stem geluister en my ordening, my gebooi, my insettinge en my wette onderhou het” (Genesis 26:5).

Toe God met eertydse Israel begin werk het, het Hy nie Sy wet vir die eerste keer geformuleer en aangekondig nie; Hy het dit *herhaal* vir 'n groep mense wat etlike geslagte as slawe in Egipte deurgebring het (Eksodus 12:41). Onder daardie omstandighede het hierdie mense waarskynlik nie God se wet onthou nie en dit nog minder gehoorsaam. Daarom het God genoeg tyd spandeer om Sy wette sistematies aan die nuwe nasie te openbaar.

Voordat die Israëliete Egipte verlaat en by die berg Sinai aangekom het, het God hulle oor Sy feeste begin onderrig (Eksodus 5:1; 12:1-51). Terwyl hulle na Sinai gereis het, het God hulle opdrag gegee om op Sy weeklikse Sabbatdag te rus (Eksodus 16:23), en het daardie opdrag versterk deur wonderbaarlik 'n groter porsie manna, 'n spesiale voedsel wat van die grond af opgetel moes word, te stuur op die sesde dag van die week, en niks op die sewende dag nie (verse 25-29). Toe sommige Israëliete God se opdrag geïgnoreer het en manna op die Sabbat gesoek het, het God hulle bestraf: “Hoe lank weier julle om my gebooi en my wette te onderhou?” (vers 28).

Hierdie gebeure het plaasgevind voordat God die onderhouding van Sy Sabbat as een van die Tien Gebooi geopenbaar het toe die Israëliete in die Sinaiwoestyn gekom het (Eksodus 19:1). Daar het God die Tien Gebooi vanaf die berg Sinai gespreek (Eksodus 20). Toe het God Sy verordeninge gegee—dekrete oor praktiese maniere waarop die Israëliete Sy wet moes toepas—en verdere instruksies rakende die weeklikse Sabbat en Sy feeste (Eksodus 21-23). As Sy volk sou gehoorsaam, het God belowe om hulle fisies te seën deur siektes weg te neem en aan hulle sekuriteit in hul nuwe land te gee (Eksodus 23:25-33).

Die rede vir die onderskeid

In Levitikus 11 en Deuteronomium 14 vind ons lyste van rein en onrein diere. Die eerste lys is gegee ten bate van die geslag wat uit Egiptiese slawerny

ontsnap het. In Deuteronomium het God hierdie opdrag vir die volgende geslag weer beklemtoon, aangesien hulle op die punt was om die nuwe grondgebied in die Beloofde Land op te eis.

Die twee hoofstukke gee dieselfde rede vir God se opdrag oor rein en onrein vleis. In Levitikus 11 sê God dat 'n mens die onreine diere moet vermy om “heilig” te wees. In Deuteronomium 14 is Israel aangesê om nie te “eet wat 'n gruwel is nie” (vers 3), “want jy is 'n volk heilig aan die HERE jou God” (verse 2, 21). Om heilig te wees beteken om deur God afgesonder te wees.

Die spesifieke rede wat God gegee het om onrein vleis te vermy, is *heiligheid*. God wil hê dat ons heilig moet wees. Aangesien ons aan Hom behoort en Hy ons met Christus se bloed gekoop het wil Hy nie hê dat ons onself deur enige vorm van fisiese of geestelike besoedeling moet verontreinig nie (1 Korintiërs 6:15-20). In God se oë is die onthouding van die eet van onrein diere 'n identifiseerbare teken van die heiligheid van diegene wat God afgesonder het deur 'n verhouding met Hom.

Diegene wat God eer moet heiligheid in hulle denke en optrede weerspieël. God vereis heilige gedrag, 'n lewenswyse wat duidelik verskil van dié van die

res van die wêreld. Heiligheid in gedrag is gebaseer op gesindhede teenoor God, ander en self, wat lei tot aksies wat nie pyn veroorsaak nie en blywende voordelige verhoudings bou. Om heilig te wees, beteken natuurlik veel meer as om bloot onrein vleis te vermy. Christus het gepraat van “die swaarste van die wet laat julle ná,” die reg, barmhartigheid en geloof (Matteus 23:23).

God het Sy wette aan fisiese mense gegee wat die gevolge sal ly as hulle nie daardie wette volg nie. Om Sy wet teen egbreuk te oortree, kan byvoorbeeld 'n huwelik en gesin vernietig. Deuteronomium 28 teken talle rampe aan wat die Israëliete getref het toe hulle versuim het om die wette van God te gehoorsaam. Maar Hy het gesê dat Hy hulle as 'n heilige volk sou vestig as hulle Sy gebooie sou onderhou (vers 9).

God se voortdurende begeerte dat Sy volk heilig moet wees, het konstant gebly. Soos Paulus gesê het: “Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om *heilig* en *sonder gebrek* voor Hom in liefde te wees” (Efesiërs 1:4).

Die apostel Petrus het Christene vermaan om “soos gehoorsame kinders moet julle nie jul lewe inrig volgens die begeerlikhede wat tevore in julle

Verstaan “Onrein” in Romeine 14

Beteken Paulus se stelling in Romeine 14:14—“Ek weet en is oortuig in die Here Jesus dat niks op sigself onrein is nie”—dat die vroeë Kerk geen onderskeid tussen rein en onrein vleis gemaak het nie?

'n Begrip van Griekse terminologie kan ons hier help.

Dit is belangrik om te besef dat die Nuwe-Testamentiese skrywers na twee konsepte van onrein verwys het deur verskillende Griekse woorde te gebruik om die twee idees oor te dra. *Onrein* kan verwys na diere wat God nie bedoel het om as voedsel gebruik te word nie (gelys in Levitikus 11 en Deuteronomium 14). *Onrein* kan ook verwys na seremoniële onreinheid.

In Romeine 14 gebruik Paulus die woord *koinos*, wat “gemeenskaplik” beteken (W.E. Vine, *Vine's Complete Expository Dictionary of Old and New Testament Words*, 1985, “Unclean,” bl. 649). Benewens die betekenis van “algemeen”, soos dit in Afrikaans gebruik word (Handelinge 2:44; 4:32; Titus 1:3; Judas 3), was die woord ook van toepassing op dinge

wat as besoedel beskou was. Hierdie woord, saam met sy werkwoordvorm *koinoo*, word in Markus 7:2, 15-23 gebruik, waar dit uiteraard verwys na seremoniële onreinheid in die voorval toe die dissipels geëet het sonder dat hulle eers hul hande gewas het.

Deur 'n konkordansie of soortgelyke Bybelhulp kan u verifieer dat *koinos* en *koinoo* regdeur die Nuwe Testament voorkom om na hierdie soort seremoniële onreinheid te verwys. Iets kon seremonieel onrein gewees het al was dit andersins as 'n skoon vleis beskou.

'n Heeltemal ander woord, *akahartos*, word in die Nuwe Testament gebruik vir diere wat die Skrif as onrein spesifiseer. In die Septuagint (die Griekse vertaling van die Ou Testament wat by uitstek gebruik was in Paulus se dag), word *akahartos* gebruik om die onrein vleis aan te dui wat in Levitikus 11 en Deuteronomium 14 gelys word.

Beide woorde, *koinos* en *akahartos*, word in Handelinge 10 gebruik om Petrus se visioen van die laken gevul met “al die viervoetige diere van die aarde en die wilde en kruipende

diere en die voëls van die hemel” te beskryf (vers 12), rein sowel as onrein. Petrus het self tussen die twee begrippe van onreinheid onderskei deur albei woorde in vers 14 te gebruik. Nadat 'n stem vir Petrus gesê het om te “slag en eet,” het hy geantwoord: “Ek het nog nooit iets onheiligs [*koinos*] of onreins [*akahartos*] geëet nie.” Die meeste Bybelvertalings onderskei tussen die betekenis van die twee woorde wat hier gebruik word. Petrus het dieselfde terminologie in vers 28 en Handelinge 11:8 gebruik om hierdie visioen te bespreek.

Toe Paulus in Romeine 14:14 gesê het dat “niks op sigself onrein [*koinos*] is nie,” het hy dieselfde punt gemaak wat hy vroeër aan die Korintiërs gemaak het, soos verduidelik in die volgende hoofstuk van hierdie studiegids: Net omdat vleis wat andersins geoorloof was om te eet moontlik met afgodsaanbidding geassosieer was, beteken dit nie dat dit intrinsiek ongeskik is vir menslike gebruik nie. Soos gesien vanuit die konteks, het Paulus glad nie Bybelse dieetbeperkings bespreek nie.

Paulus gaan voort om in Romeine 14:20 te sê “alles is wel rein.” Die woord wat as “rein” vertaal word, is *katharos*, “vry van onsuiver

vermenging, sonder gebrek, vlekkeloos” (*Vine*, “Clean, Cleanness, Cleanse, Cleansing,” bl. 103). Rein vleis as sodanig word nie in die Nuwe Testament aangespreek nie, so daar is nie 'n spesifieke woord om dit te beskryf nie. *Katharos* word gebruik om alle soorte reinheid en suiwerheid te beskryf, insluitend skoon skottelgoed (Matteus 23:26), mense (Johannes 13:10) en klere (Openbaring 15:6; 19:8, 14), “reine en onbesmette” godsdiens (Jakobus 1:27), goud en glas (Openbaring 21:18).

Besef ook dat, in vers 14 van Romeine 14, die woord voedsel of vleis nie in die oorspronklike bewoording is nie. Geen spesifieke onderwerp word genoem met betrekking tot reinheid of onreinheid nie. Die sin van hierdie verse is bloot dat “niks [is] onrein [*koinos*: algemeen of seremonieel besoedel] van homself nie,” en “alles is rein [*katharos*: vry van onsuiver vermenging, sonder gebrek, vlekkeloos].”

Paulus se punt is dat die moontlike assosiasie van 'n spesifieke voedsel met afgodiese bedrywighede geen invloed gehad het op die vraag of die kos geskik was om te eet nie.

onwetendheid bestaan het nie. Maar soos Hy wat julle geroep het, *heilig*, is, moet julle ook in jul hele *lewenswandel heilig* word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig” (1 Petrus 1:14-16).

Petrus het natuurlik ’n veel groter omvang van goddelike gedrag in gedagte gehad as om bloot van onrein vleis te weerhou. Paulus het ook die Korintiërs aan God se opdrag herinner: “Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle ’n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige “ (2 Korintiërs 6:17-18).

Verandering in administrasie

Toe Jesus aarde toe gekom het om vir die mensdom se sondes te sterf en ons Hoëpriester te word, het Sy bediening die Levitiese priesterskap vervang wat sedert die tyd van Moses gefunksioneer het (Hebreërs 7:11-14). Jesus het “van ’n beter verbond borg geword” (vers 22), genoem die “nuwe verbond” (Hebreërs 8:8, 13).

Christus se bediening vernietig nie God se wet nie. In plaas daarvan skryf God daardie wet op die hart van diegene wat hierdie verbond aanvaar, sodat dit deel word van hul verstand en manier van dink (vers 10). Onthou, Jesus het gesê Hy het nie gekom om die wet af te skaf nie (Matteus 5:17-19). Die Nuwe Verbond, waarvan Jesus ons Hoëpriester is, bevat “beter beloftes” (Hebreërs 8:6), nie ’n beter wet nie. Die beter beloftes sluit in die ewige lewe sowel as die belofte van God se Gees, wat ons bemagtig om volgens God se wette te lewe (Romeine 8:4).

Let op Paulus se opsomming van hierdie beginsel: “Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot *heiligmaking* en uiteindelik die *ewige lewe*. Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die *ewige lewe* in Christus Jesus, onse Here” (Romeine 6:22-23). ’n Christen sal alles in sy vermoë doen om aan al God se instruksies te voldoen en ’n heilige lewenswyse te leef.

Toe God die administratiewe verandering van die Levitiese priesterskap na die bediening van Jesus Christus gemaak het, het die wette en administratiewe beginsels wat slegs op die Leviete betrekking gehad het, nie meer op dieselfde manier gegeld nie. Soos Hebreërs 7:12 dit stel: “Want met verandering van die priesterskap kom daar noodsaaklik ook verandering van wet.” Die wet—spesifiek die wet aangaande wie as God se priesters gedien het (verse 13-14)—was verander, nie ongeldig gemaak nie. Die verandering in die priesterskap het nie die wette en beginsels wat God vir ons geestelike en fisiese voordeel gegee het, weerspreek nie.

Die blywende gebruik van die apostels en die vroeë Kerk was om voort te gaan om die onderskeidings te volg wat God aangaande rein en onrein vleis gegee het (Handelinge 10:14).

Sommige mense veronderstel dit was bloot ’n geval van kultuur of tradisie. Tog, aangaande profetiese vervullings wat nog moet plaasvind, praat die Bybel

van onrein diere (Openbaring 18:2) en die straf van diegene wat aan Hom ongehoorsaam is in hierdie saak (Jesaja 66:15-17). Die Bybel gaan voort om gehoorsaamheid aan die wette van rein en onrein voedsel te toon as ’n identifiserende kenmerk van God se volk.

Om anders te wees as die res van die samelewing deur God se wet te volg, is geen rede tot verleentheid nie. Petrus skryf van God se geroepe volk dat “julle is ’n uitverkore geslag, ’n koninklike priesterschap, ’n heilige volk, ’n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig” (1 Petrus 2:9). God beskryf Sy uitverkore volk as *geroep tot heiligheid*. Dit sluit die kwessie van rein en onrein vleis in.

Christene moet egter altyd wysheid en diskresie gebruik in hoe hulle gebruikte aan familie en vriende openbaar wat die vermyding van onrein vleis behels. Hulle moet nie probeer om God se wette op volwassenes af te dwing wat verantwoordelik is om hul eie besluite in sulke sake te neem nie. Paulus gee raad: “Wandel in wysheid teenoor die wat buite is, en koop die tyd uit. Laat julle woord altyd aangenaam wees ... sodat julle kan weet hoe julle iedereen moet antwoord” (Kolossense 4:5-6).

Skaf die Nuwe Testament die Onderskeid Tussen Vleis af?

Sommige mense glo dat sekere Nuwe-Testamentiese geskrifte alle onderskeid tussen rein en onrein vleis afgeskaf het. Maar wat sê hierdie gedeeltes werklik?

Die meeste teoloë neem aan dat God se wette aangaande rein en onrein vleis geëindig het met Christus se kruisiging. Hulle veronderstel dat die Nuwe Verbond die behoefte vir Christene verwyder het om sulke wette te onderhou. Maar is dit wat die Bybel sê?

Die administratiewe verandering van die Levitiese priesterskap na die bediening van Jesus Christus het nie God se verwagtinge, dat Sy mense Sy wet van rein en onrein vleis (of enige ander wet) as deel van hulle heiligmaking of afsondering as volk van God moet gehoorsaam, tot niet gemaak nie (sien Levitikus 11:44-47; 19:2; 20:7, 22-26; 21:8). Petrus en Paulus praat albei van die voortdurende behoefte vir God se volk om heilig te wees (Efesiërs 1:4; 1 Petrus 1:14-16).

Sommige Bybelgeleerdes erken dat lede van die vroeë Kerk voortgegaan het om die onderskeid tussen rein en onrein vleis te onderhou. As gevolg van die algemene wanopvatting dat die Nuwe Verbond baie van God se wet afskaf, neem baie aan dat hierdie voedselvereistes bloot Joodse kulturele praktyke was wat voortgeduur het totdat die Kerk meer heidens geword het in samestelling en uitkyk. Sulke vooropgestelde idees het die interpretasies van baie Nuwe-Testamentiese gedeeltes beïnvloed. In teologiese kringe staan dit bekend as *eisegeisis*, of om u eie idees in die Skrif te lees.

Kom ons ondersoek die Nuwe-Testamentiese gedeeltes wat oor kos handel. Terwyl ons dit doen, laat ons *exegesis* beoefen—om die betekenis van die Skrif te kry deur 'n deeglike begrip van die agtergrond van 'n gedeelte te ondersoek soos ons dit probeer toepas.

Petrus se visioen: Het God alle vleis gereinig?

Een gedeelte van die Bybel wat dikwels verkeerd verstaan word handel oor Petrus se visioen waarin hy “die hemel geopend en 'n voorwerp soos 'n groot laken na hom afdaal” gesien het. In hierdie laken “was al die viervoetige diere van die aarde en die wilde en kruipende diere en die voëls van die hemel.” Petrus het 'n stem vir hom hoor sê: “Staan op, Petrus, slag en eet!” (Handelinge 10:11-13).

Met die veronderstelling dat die visioen beteken het dat hy onrein diere moes eet, het Petrus spontaan gereageer: “Nooit nie, Here, want ek het nooit iets onheiligs of onreins geëet nie (vers 14). Dieselfde visioen het drie keer na Petrus gekom (vers 16).

Op hierdie stadium aanvaar baie lesers, sonder om die verslag klaar te lees, dat hulle die betekenis van die visioen ken—dat God vir Petrus gesê het dat ons nou vry is om enige soort dierevleis te eet wat ons begeer. Die konteks van hierdie skrifture toon egter dat dit glad nie is wat Petrus verstaan het nie. Intendeel, selfs nadat hy die visioen drie keer gesien het, hy steeds “by homself daarvoor verleë was wat die gesig tog kon beteken wat hy gesien het” (vers 17).

Later het Petrus die betekenis van die openbaring besef. Dit was dat “God het my getoon dat ek *geen mens* onheilig of onrein mag noem nie” (vers 28). Met die erkenning van die werklike bedoeling van die visioen het Petrus die eerste heidene (nie-Israeliete) wat God in die Kerk geroep het en wat aanvanklik nie Joodse bekeerlinge was nie (verse 45-48), gedoop.

Hierdie goddelike openbaring, sien ons uit die verder lees in die verslag, het glad nie oor *kos* gegaan nie. Dit het eerder oor *mense* gegaan. Omdat die Joodse godsdienstige leiers ten tyde van Christus heidene verkeerdelik as onrein beskou het, het hierdie dramatiese visioen 'n algemene wanopvatting reggestel wat Petrus en ander lede van die Kerk gehad het. Dit het getoon dat God begin het om verlossing aan lede van enige ras te bied. Heidene wat God geroep het was nou in die Kerk verwelkom.

Hierdie verse het nie God se instruksies om onrein vleis nie te eet afgeskaf nie, maar toon dat Petrus, omtrent 'n dekade na Christus se dood, “*nooit iets onheiligs of onreins geëet*” het nie.

Petrus het duidelik nie aangeneem dat God Sy eie voedselwette nietig verklaar het of dat Christus se dood en opstanding dit uitgedien het nie. Uit Petrus se eie woorde sien ons dat hy aangehou het om hierdie wette getrou te volg.

Ons vind ook geen bewyse dat hy na hierdie ervaring onrein vleis geëet het nie. Hy het duidelik voortgegaan om God se wette te gehoorsaam wat beskryf watter vleis geëet kan word en nie geëet kan word nie, en het geen rede gesien om sy gebruik te verander nie. Hy het besef dat die verwarrende visioen nie die nietig verklaring van God se instruksies kon wees nie, en daarom het hy “na[ge]dink oor die gesig” totdat hy die betekenis daarvan verstaan het (verse 17-19, 28)—dat heidene ook lede van die Kerk kon word deur bekering en geloof (verse 34-35, 45-48).

Voedsel omstredenheid in die Kerk

Wanneer ons deur die Nuwe Testament lees, vind ons wel verwysings na 'n omstredenheid in die vroeë Kerk wat voedsel behels. Maar 'n ondersoek van die Skrif toon egter dat die kwessie verskil van wat baie aanneem.

In 1 Korintiërs 8 het die apostel Paulus “die eet van die offervleis aan die afgode” bespreek (vers 4). Waarom was dit 'n probleem?

“Vleis is dikwels in Paulus se dag op heidense altare geoffer en aan heidense

gode opgedra. Later is hierdie vleis in die openbare vleismarkte te koop aangebied. Sommige Christene het gewonder of dit moreel reg is vir Christene om sulke vleis wat voorheen aan heidense gode geoffer was, te eet” (*Nelson’s New Illustrated Bible Dictionary*, 1995, “Meat”).

Dit is interessant, hoewel nie oortuigend nie, om daarop te let dat in Handelingen 14:13, die enigste gedeelte waarin die tipe dier wat aan afgode geoffer was genoem word, osse [stiere]—rein diere—was, wat op die punt was om geoffer te word.

Hierdie omstredenheid was nie oor die soorte vleis wat geëet kon word nie. Gehoorsame Jode van die dag, in ooreenstemming met God se opdrag, het nie eers onrein vleis as ’n moontlike bron van voedsel beskou nie. In plaas daarvan het die kontroversie gehandel oor die gewete van elke gelowige wanneer dit kom by die eet van vleis—*rein vleis*—wat moontlik aan afgode geoffer was.

Paulus het verduidelik dat “’n afgod niks ... is nie” (1 Korintiërs 8:4), en het verduidelik dat dit nie wesenlik skadelik is om vleis te eet wat aan ’n afgod geoffer was nie. Dat ’n dier aan ’n heidense god geoffer was, het geen invloed op die vraag of die vleis geskik was vir voedsel nie.

Paulus het voortgegaan: “Die kennis is egter nie in almal nie; maar sommige, nog altyd bewus van die afgod, eet dit as ’n afgodsoffer, en hulle gewete, wat swak is, word besoedel. Maar die voedsel bring ons nie nader by God nie; want as ons eet, het ons geen oorfloed nie, en as ons nie eet nie, ly ons geen gebrek nie” (verse 7-8).

Wanneer ’n gelowige vleis in die mark gekoop het of genooi was na ’n maaltyd waar vleis bedien was, was dit nie nodig om te bepaal of iemand dit vir ’n afgod geoffer het nie, het Paulus gesê (1 Korintiërs 10:25-27). Sy besorgdheid was dat die broeders bedagsaam moet wees teenoor dié wat anders glo. Hy het geleer dat dit in sulke gevalle vir hulle beter is om nie vleis te eet nie as om die risiko te loop om aanstoot te gee (1 Korintiërs 8:13; 10:28).

Die kwessie van vleis wat aan afgode geoffer was, was ’n beduidende omstredenheid in die tyd van die Nuwe Testament. Dit is die grondslag van baie van Paulus se besprekings van Christelike vryheid en gewete. Anders as God se wet van rein en onrein diere, wat duidelik in die Ou Testament opgeteken is, is die Hebreeuse Geskrifte nie eksplisiet oor die kwessie van voedsel wat aan afgode geoffer was nie. Maar in die eerste-eeuse wêreld van die Nuwe Testament het hierdie saak in betekenis en belangrikheid vir lidmate gewissel volgens hulle gewete en begrip.

Die tydsberekening van Paulus se briewe

Die kronologiese verhouding tussen Paulus se briewe aan die lidmate in Korinte en sy korrespondensie met dié in Rome is nog ’n belangrike stuk agtergrondinligting wat mense dikwels oor die hoof sien.

Baie glo dat Romeine 14 die idee ondersteun dat Christene vry is van alle vorige beperkings met betrekking tot die vleis wat hulle mag eet. Vers 14, waarin Paulus geskryf het, “Ek weet en is oortuig in die Here Jesus dat niks

op sigself onrein is nie, maar hy wat reken dat iets onrein is, vir hom is dit onrein”, word dikwels as bewysteks vir hierdie siening aangehaal (sien “Verstaan ‘Onrein’ in Romeine 14” op bladsy 8).

Hierdie benadering versuim egter om Paulus se perspektief en die konteks van sy brief aan die Roomse kerk in ag te neem. Baie Bybelbronne stem saam dat Paulus die boek 1 Korintiërs omstreeks 55 nC geskryf het en dat hy sy brief aan die Romeine vanaf Korinte geskryf het in 56 of 57. Soos hierbo gedemonstreer, was die kos-kontroversie in Korinte oor vleis wat aan afgode geoffer is. Aangesien Paulus vanaf Korinte aan die Romeine geskryf het, waar dit ’n belangrike kwessie was, was die onderwerp vars in Paulus se geheue en is dit die logiese, Bybel-ondersteunde basis vir sy kommentaar in Romeine 14.

Verstaan Paulus se doel

Diegene wat aanneem dat die onderwerp van Romeine 14 ’n terugtrekking van God se wet aangaande rein en onrein diere is, moet hierdie interpretasie in die teks dwing omdat dit geen Bybelse fondament het nie. Die historiese basis vir die bespreking blyk, uit bewyse in die hoofstuk self, vleis te wees wat aan afgode geoffer was.

Vers 2 kontrasteer die een wat net “groente” eet met die een wat glo dat “’n mens alles mag eet”—vleis sowel as groente. Vers 6 bespreek eet vs. nie eet nie, en word op verskillende maniere geïnterpreteer as ’n verwysing na vas (nie eet of drink nie), vegetarisme (slegs die inneem van groente), of om vleis wat aan afgode geoffer was, te eet of nie te eet nie.

Vers 21 toon dat vleis wat aan afgode geoffer was, die oorheersende kwessie van hierdie hoofstuk was: “Dit is goed om geen vleis te eet of wyn te drink of iets te doen waardeur jou broeder aanstoot neem of struikel, of waarin hy swak is nie.” Die Romeine van daardie tyd het gewoonlik beide vleis en wyn aan afgode geoffer, met gedeeltes van die offergawes wat later in die mark verkoop was.

Die *Life Application Bible* lewer kommentaar op vers 2: “Die eertydse offerstelsel was die middelpunt van die godsdienstige, sosiale en huishoudelike lewe van die Romeinse wêreld. Nadat ’n offer aan ’n god in ’n heidense tempel gebring was, was slegs ’n gedeelte daarvan verbrand. Die res was dikwels na die mark gestuur om verkoop te word. So kon ’n Christen maklik—selfs onwetend—sulke vleis in die mark koop of dit by die huis van ’n vriend eet.

“Moet ’n Christen die bron van sy vleis bevestig? Sommige het gedink dat daar niks mee verkeerd was om vleis te eet wat aan afgode geoffer was nie, want afgode was waardeloos en vals. Ander het die bron van hul vleis noukeurig nagegaan, of vleis heeltemal opgegee om ’n skuldige gewete te vermy. Die probleem was veral akuut vir Christene wat vroeër afgodsaanbidders was. Vir hulle kon so ’n sterk herinnering aan hul heidense dae hul nuutgevonde geloof verswak. Paulus behandel hierdie probleem ook in 1 Korintiërs 8.”

Wat is die punt van Paulus se opdrag in Romeine 14? Afhangend van hulle gewetens, het vroeë gelowiges verskeie keuses gehad wat hulle kon maak terwyl hulle op reis was of in hulle gemeenskappe gewoon het. As hulle nie vleis

wou eet wat moontlik aan afgode geoffer was nie, kon hulle kies om te vas of net groente te eet om seker te maak dat hulle geen vleis van ’n verdagte agtergrond inneem wat hul gewete aanstoot kon gee nie. As hulle gewetens nie gepla was deur vleis te eet wat dalk aan afgode geoffer was nie, kon hulle ook daardie opsie kies. Binne hierdie konteks, het Paulus gesê, “laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees” (vers 5), want “alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde” (vers 23).

Romeine 14 is deels ’n hoofstuk oor Christelike vryheid—om te handel volgens ’n mens se gewete binne die raamwerk van God se wette soos dit betrekking het op vleis wat aan afgode geoffer was. Romeine 14, wat in sy konteks verstaan word, gee *nie* toestemming om varkvleis of enige ander onrein vleis te eet nie. Wanneer ’n mens verstaan dat die voedselkontroversie van die Nuwe-Testamentiese era gehandel het oor vleis wat aan afgode geoffer was en nie watter vleis skoon was nie, word ander skrifure duidelik.

Debat oor seremoniële reiniging

Nog ’n gedeelte wat dikwels verkeerd verstaan word, is Markus 7:18-19. Hier het Jesus gesê: “Begrp julle nie dat alles wat van buite af in die mens ingaan, hom nie onrein kan maak nie, omdat dit nie ingaan in sy hart nie, maar in die maag en dit gaan in die heimlikheid uit en maak al die voedsel rein?”

Nie net ’n Kwessie van Dieet nie

Van voor tot agter, van Genesis tot Openbaring, nêrens in die Bybel vind ons ’n voorbeeld van ’n dienskneg van God of volgeling van Jesus Christus wat die vleis van ’n onrein dier eet nie. As die onderskeid tussen rein en onrein vleis te eniger tyd opgehou het om te bestaan, moes dit nie duidelik gemaak word in die Bybel deur die voorbeeld van God se dienaars nie?

Inteendeel, tot in die tyd van die vroeë Kerk vind ons dat Christus se volgelinge nougeset vermy om dierevleis te eet wat God as onrein geopenbaar het (Handelinge 10:14; 11:8). Profesieë van die tyd van die einde maak dieselfde onderskeid (Openbaring 18:2; Jesaja 66:15-17).

Maar daar is meer aan dié saak as net dieet. ’n Deeglike studie van die Bybel help ons om ander dimensies van die betekenis van die onderskeid tussen rein en onrein vleis te verstaan.

God se Woord beskryf die vleis van onrein diere as ’n “gruwel” (Levitikus 11:10-13, 20, 23, 41-42; Deuteronomium 14:3)—en in daardie lig word ons gewaarsku teen die inname van sulke vleis (Levitikus 11:43). Sterk taal, maar die les is dat ons alle aspekte van die Bybel moet aanvaar, insluitend die basiese voedselwette in Levitikus 11 en Deuteronomium 14.

Met die instelling van die offerstelsel vir eertydse Israel, het God baie spesifieke offerandes met diere beveel. Nêrens beveel Hy of laat die offer van ’n onrein dier toe nie, en daar is ook nie ’n rekord van enige van God se dienaars wat ooit so ’n dier aan Hom geoffer het nie. So ’n offer sou die heilige saamgevoeg het met dit wat God as onrein en besoedel aangewys het. Dit sou eenvoudig ondenkbaar gewees het vir ’n ware dienaar van God want dit sou ’n belediging vir die Skepper self gewees het.

Die onderwerp hier—duidelik uit verse 2-5—was *ongewaste hande*, nie watter vleis geëet kan word nie. Die suiwering van voedsel het verwys na die manier waarop die liggaam se spysverteringsproses geringe onsuiverhede uitskakel, soos dié wat moontlik kan voorkom as u met ongewaste hande eet.

Die Fariseërs het, soos Jesus en Sy dissipels, net vleis geëet wat die Skrif as rein aangedui het. Hulle het egter beswaar gemaak toe Jesus en Sy dissipels nie deur die Fariseërs se gebruikelike ritueel gegaan het om hulle hande noukeurig te was voordat hulle geëet het nie.

Jesus, wie se hande skoon genoeg was om te eet, al was dit nie skoon genoeg om aan die Fariseërs se mensgemaakte standaard te voldoen nie—het verduidelik dat die menslike liggaam ontwerp is om enige klein deeltjies stof of vuiligheid te hanteer wat kan ingaan as gevolg van die hantering van voedsel met hande wat nie ritueel gewas is nie. Hy het verder voorgestel dat, as die Fariseërs ernstig was om God te gehoorsaam, hulle hul prioriteite moes hersien. Om ’n mens se gedagtes te reinig, het Hy gesê, is by uitstek geestelik belangriker as om jou hande te was (verse 20-23).

Twyfelagtige interpretasies

Die Bybel, *Nuwe Lewende Vertaling* gee die laaste deel van vers 19 aan as: “(Daarmee het Jesus gewys dat ’n mens enige soort kos mag eet).” *Die Boodskap* bied eweneens aan: “(Dit beteken dat Jesus eintlik ook gesê het dat geen kos ’n mens vir God onrein en so onaanvaarbaar kan maak nie).” Hierdie vertalings staan in skrilte kontras met Die Bybel 1933/1953-vertaling wat aandui dat die liggaamlike spysverteringsproses voedsel suiwer, in teenstelling met Jesus wat ’n uitspraak gemaak het en God se wette oor watter vleis geëet kan word, omgekeer het. Watter interpretasie is korrek?

Die Bybel 1933/1953 weergawe pas die beste by die konteks, wat gaan oor eet met seremonieel ongewaste hande eerder as om te besluit watter soort vleis geskik is om geëet te word. Dit pas ook die beste by die Nuwe Testamentiese kultuur waarin Jode en Christene net rein vleis geëet het.

Let op dat in beide die *Nuwe Lewende Vertaling* en *Die Boodskap*, die laaste deel van vers 19 tussen hakies is, asof Markus Christus se woorde verduidelik. Dit is natuurlik ’n *interpretasie* van die oorspronklike bewoording van Markus se Evangelie. In die oorspronklike Grieks is die woorde “Daarmee het Jesus gewys” (*Nuwe Lewende Vertaling*), en “dat Jesus eintlik ook gesê het” (*Die Boodskap*), nie teenwoordig nie; vertalers het dit bygevoeg om te verduidelik wat hulle dink Markus bedoel het, en daardeur hul eie vooropgestelde en verkeerde interpretasies op Jesus se woorde geplaas.

Om al die skrifure oor die onderwerp saam te stel help ons om die Bybelse perspektief behoorlik te verstaan (sien “Hoe Moet Ons die Skrif Verstaan?” op bladsy 6). Wanneer ons uit gedeeltes soos Handeling 10 wat vroeër bespreek is, sien dat Petrus gesê het dat hy ongeveer ’n dekade na Christus se dood nog geen onrein vleis geëet het nie, word dit duidelik dat die apostels nie geglo het dat Hy die bevel teen die eet van onrein vleis afgeskaf het nie. So ’n siening

kan eenvoudig nie in die lig van eenvoudige skrifte tot die teendeel volgehou word nie.

Geen Nuwe-Testamentiese gedeeltes beskryf Christene wat vleis, wat as onrein beskou was, geëet het nie; so 'n siening is skreiend afwesig in die Bybel. Intendeel, ons vind baie geskrifte waarin die apostel Paulus die nakoming van God se wette kragtig en herhaaldelik handhaaf (Handelinge 24:14; 25:8; Romeine 3:31; 7:12, 22), net soos Jakobus, die halfbroer van Christus (Jakobus 2:8-12; 4:11), en Johannes (1 Johannes 3:4). Om God se wette oor rein en onrein vleis te skend, sou vir hulle ondenkbaar gewees het.

Kolossiese kontroversie verduidelik

Paulus het aan Christene geskryf “Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie” (Kolossense 2:16) en sommige neem aan dat die gelowiges wat hy aangespreek het varkvleis en ander vleis geëet het wat voorheen as onrein beskou was. Weereens, die Bybel ondersteun nêrens hierdie veronderstelling nie.

In werklikheid word die kwessie van rein en onrein vleis nêrens in hierdie gedeelte aangespreek nie. Paulus bespreek nie watter kosse die Kolossense geëet het nie; die Griekse woord *brosis*, wat as “spys” vertaal word, verwys nie na kos self nie, maar eerder na “die daad van eet” (*Vine's Complete Expository Dictionary of Old and New Testament Words*, 1985, bl. 245, beklemtoning bygevoeg).

Watter Diere Dui die Bybel aan as “Rein” en “Onrein”?

God openbaar watter diere—insluitend visse en voëls—geskik en ongeskik vir menslike gebruik is in Levitikus 11 en Deuteronomium 14. Alhoewel die lyste nie volledig is nie, openbaar Hy riglyne vir die herkenning van diere wat aanvaarbaar is vir voedsel.

God sê dat herkouende diere met gesplete hoeve geëet kan word (Levitikus 11:3; Deuteronomium 14:6). Dit sluit spesifiek die beeste, skape, bokke, takbokke en gaselfamilies in (Deuteronomium 14:4-5). Hy noem ook diere soos kamele, hase en varke as onrein, of ongeskik om te eet (Levitikus 11:4-8). Hy lys later sulke kruipende diere soos molle, muise en akkedisse as ongeskik om te eet (vers 29-31), asook viervoetige diere met pote (katte, honde, bere, leeus, tiere, ens.) as onrein (vers 27).

Hy vertel ons dat sout- en varswatervisse

met vinne en skubbe geëet mag word (verse 9-12), maar waterdiere sonder daardie eien-skappe (babber, kreef, krappe, garnale, mossels, gaapskulpe, oesters, inkvis, seekatte, ens.) moet nie geëet word nie.

God lys ook voëls en ander vlieënde wesens wat onrein is vir verbruik (verse 13-19). Hy identifiseer aasvreters en roofvoëls as onrein, plus volstruise, ooievaars, reiers en vlermuise.

Voëls soos hoenders, kalkoene en fisante is nie op die onrein lys nie en kan dus geëet word. Insekte, met die uitsondering van krieke en sprinkane, word as onrein gelys (verse 20-23).

Waarom identifiseer God sommige diere as geskik vir menslike gebruik en ander as ongeskik? God het nie wette gegee om na willekeur beheer oor mense te laat geld nie. Hy het Sy wette (insluitend dié waarvan vleis rein

Alhoewel baie aanneem dat Paulus se kritiek gerig is op onderwysers wat die Ou-Testamentiese praktyke voorgestaan het (soos om die wet te volg en besnydenis te beoefen), ondersteun geen Bybelse bewyse hierdie siening nie. Ons moet egter erken dat verdraaiings van behoorlike Bybelse praktyke destyds volop was, beide in Judaïsme en die opkomende vroeë Kerk. Soos *The International Standard Bible Encyclopaedia* verduidelik: “Daar is meer as Judaïsme in hierdie valse lering. Hierdie leraars kyk na tussengangergeeste, engele wat hulle aanbid; en dring aan op baie streng asketisme” (1939-uitgawe, “Epistle to the Colossians”).

Die valse lering wat Paulus veroordeel het, het baie elemente van asketisme bevat—vermyding van enigiets genotvol—wat bedoel was om die volgelinge meer geestelik te maak. Let op sy instruksies aan die Kolossense: “As julle dan saam met Christus die eerste beginsels van die wêreld afgesterf het, waarom is julle, asof julle nog in die wêreld lewe, onderworpe aan insettinge soos: raak nie, smaak nie, roer nie aan nie?—almal dinge wat deur die gebruik bestem is om te vergaan—volgens die gebooie en leringe van mense, wat, alhoewel dit 'n skyn van wysheid het, in eiesinnige godsdiens en nederigheid en in gestrengheid teen die liggaam, geen waarde het nie, maar strek tot versadiging van die vlees” (Kolossense 2:20-23).

Hieruit sien ons die asketiese aard van die dwaling wat Paulus teen gestry het. Die valse leraars se misleide pogings om groter spiritualiteit te bereik, het

of onrein is) gegee dat dit “vir ewig goed kan gaan” met diegene wat probeer om Hom te gehoorsaam (Deuteronomium 5:29).

Alhoewel God nie die spesifieke redes bekend gemaak het waarom sommige diere geëet mag word en ander vermy moet word nie, kan ons algemene gevolgtrekkings maak gebaseer op die diere wat in die twee kategorieë ingesluit is.

In die lys van die diere wat nie geëet moet word nie, verbied God die verbruik van aasvreters, wat ander diere vir hul kos verslind.

Diere soos varke, bere, aasvoëls en roofvoëls kan verrotte vleis eet (en daarop floreer). Roofdiere soos wolwe, leeus, luiperds en jagluiperds jag meestal op die swakstes (en soms die siekes) in dieretrokke.

Wanneer dit by seediere kom, soek bodembewoners soos krewes en krappe vir dooie diere op die seabodem. Skulpvis soos oesters, mossels en gaapskulpe verbruik op soortgelyke wyse verrottende organiese materiaal wat na

die seabodem sink, insluitend riool.

'n Gemene aanduiding van baie van die diere wat God as onrein aanwys, is dat hulle gereeld vleis eet wat mense siek of dood kan maak. Wanneer ons sulke diere eet, neem ons deel aan 'n voedselketting wat dinge insluit wat skadelik vir mense is.

Soos die voedingkundige David Meinz opmerk: “Kan dit wees dat God, in Sy wysheid, sekere wesens geskape het wie se enigste doel is om agter die ander op te ruim? Hulle hele ‘roeping’ is dalk om uitsluitlik as die sanitasiewerkers van ons ekologie op te tree. God sê dalk eenvoudig vir ons dat dit vir ons gelowiges beter is om nie die vleis van hierdie vullisversamelaars te eet nie” (*Eating by the Book*, 1999, bl. 225).

Die volgende lys, gebaseer op Levitikus 11 en Deuteronomium 14, identifiseer baie van die diere wat God as rein en onrein aanwys. Die lys gebruik hul algemene name.

Diere wat as “Rein” in die Bybel Beskou Word

Soogdiere wat herkou en gesplete hoewe het:

Amerikaanse Eland
Bison
Bok
Eland
Gasel
Hert
Kameelperd
Kariboe
Os
Rendier
Skaap
Steenbok
Takbokke
Vee
Wildsbokke

Voëls met rein eienskappe:

Duif
Eend
Fisant
Gans
Hoender
Kalkoen
Korhoender
Kirkeend
Kwartel
Mossie
Patrys
Pou
Prêriehoender
Sneeuhoender
Tarentaal

Visse wat vinne en skubbe het:

Ansjovis
Baars
Barrakuda
Blouvis
Bluegill
Bot
Elfvis
Forel
Harder
Haring
Heilbot
Kabeljou
Karp
Klipsuier
Koningvis
Mahimahi
Makriel
Pollack
Salm
Sardientjie
Skelvis
Snoek
Sonvis
Spiering
Stokvis
Swart Pomfret
Tarbot
Tarpoen
Tuna
Witvis
Wytingvis

Insekte

Tipes sprinkane wat krieke en sprinkane kan insluit

“gestrengheid teen die liggaam” ingesluit (vers 23). Paulus het hulle misleidende reëls gekenmerk as “raak nie, smaak nie, roer nie aan nie” (vers 21). Hulle pogings het slegs ’n skyn van “nederigheid” geskep (vers 23) en was bestem om te misluk omdat dit gebaseer was op “die gebooie en leringe van mense” (vers 22) eerder as God se opdrag.

Paulus het die gemeente in Kolosse vermaan om nie na die askete te luister nie. Eerder as om God se wette aangaande onrein vleis te herroep—wat sommige mense verkeerdelik in hierdie gedeelte lees—gee Paulus die Kolossense lede opdrag om hulle nie te bekommer oor asketiese leraars wat die manier waarop die Kolossense God se feeste en Sabbatte in aangename gemeenskap met eet en drink geniet het, gekritiseer het nie. Sulke genot, alhoewel dit deur hierdie valse leraars veroordeel was, is volkome aanvaarbaar vir God. (Vir verdere begrip, versoek asseblief die twee gratis studiegidse *God’s Holy Day Plan: The Promise of Hope for All Mankind* en *Sunset to Sunset: God’s Sabbath Rest*.)

In hierdie gedeelte van Kolossense moedig Paulus die Kerk aan om vas te hou aan sy leerstellings en behoorlike begrip; dit is nie ’n verhandeling oor water kosse om te eet of op watter dae om God te aanbid nie. Ons moet versigtig wees om nie vooropgestelde idees in hierdie of enige ander tekste te lees nie.

Misverstaande Instruksies aan Timoteus

Nog ’n ander deel van Paulus se geskifte wat dikwels verkeerd verstaan word, is 1 Timoteus 4:3-5, waar hy praat van valse leraars wat “verbied om te

Diere wat as “Onrein” in die Bybel Beskou Word

Varkfamilie

Pekari
Vark
Wildevark

Hondfamilie

Hiëna
Hond
Jakkals
Prêriewolf
Vos
Wolf

Katfamilie

Jagluiperd
Kat
Leeu
Luiperd
Panter
Tier

Perdagtig

Donkie
Muil
Perd
Sebra
Wilde-esel

Ander

Aap
Beer
Bewer
Dassie
Eekhorning
Gordeldier
Gorilla
Grondvark

Haas

Kameel
Kangaroo
Lama
Mol

Muis
Muishond
Olifant
Opossum
Renoster
Rot
Seekoei
Slak

Insekte

Vlermuis
Wallaby
Wasbeer
Wesel
Wolwerin
Wurm
Ystervark

Reptiele

Akkedis
Alligator
Kaaiman
Krokodil
Skilpad
Slang

Amfibieë

Blindewurm
Padda

Salamander
Watersalamander

Seediere sonder vinne en skubbe

Baber
Europese tarbot
Haai
Inkvis
Marlyn
Paling
Steekrug
Steur (sluit meeste kaviaar in)
Swaardvis

Skulpvis

Garnale
Kammossel
Krap
Kreef
Mossel
Oester
Perlemoen
Seeskulp (Konk)

Sagte lyf

Inkvis (Tjokka)
Jellievis
Klipmossel
Pylinkvis (Calamari)
Seekat

See-soogdiere

Bruinvis
Dolfyn
Otter
Rob

Walrus
Walvis

Roefvoëls, aasdiere en ander

Aasvoël
Albatros
Arend
Bleshoender
Brulvoël
Ekster
Flamink
Fuut
Houtkapper
Jakkalsvoël/Valk
Kiewiet
Koekoek
Kondor
Kormoran
Kraanvoël
Kraai
Ooievaar
Papegaaie
Pelikaan
Pikkewyn
Raaf (Withalskraai)
Reier
Riethaanseemeeu
Seeduiker
Strandloper
Swaeltjie
Uil
Valk
Visarend
Volstruis
Waterhoender
Windswaai

trou en gebied dat die mense hulle moet onthou van voedsel wat God geskape het om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges en die wat die waarheid ken. Want alles wat deur God geskape is, is goed, en niks is verwerplik as dit met danksegging ontvang word nie; want dit word geheilig deur die woord van God en die gebed.”

Wat was die motivering van hierdie valse leraars? Het Paulus Timoteus

gewaarsku teen leraars wat die nakoming van die Bybelse wette oor rein en onrein vleis sou bepleit? Of was daar iets anders aan die gang?

Ons weet Paulus het vir Timoteus gesê dat God die Ou-Testamentiese Skrifte geïnspireer het om “nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid” (2 Timoteus 3:16) te wees, so die idee is nie geloofwaardig dat Paulus Timoteus sou gewaarsku het teen die nakoming van instruksies wat in daardie selfde Skrifte gevind word nie.

Aan die ander kant wys Paulus se woorde vir ons die werklike probleem: Hierdie onderwysers het geëis dat mense bevele volg wat nie in die Bybel gevind word nie. Hulle het “verbied om te trou,” maar huwelik word in die Skrif aangemoedig, nie ontmoedig nie. Hulle het ook “gebied dat die mense hulle moet onthou van voedsel wat God geskape het om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges en die wat die waarheid ken.”

Die *Life Application Bible* help ons om die agtergrond van die probleem wat Paulus hier aangespreek het, te verstaan: “Die gevaar wat Timoteus in Efese in die gesig gestaar het kom blykbaar van sekere mense in die kerk wat sommige Griekse filosowe gevolg het, wat geleer het dat die liggaam boos was en dat slegs die siel saak gemaak het. Die valse leraars het geweier om te glo dat die God van die skepping goed was, omdat sy kontak met die fisiese wêreld hom sou besoedel het ... [Hulle] het streng reëls gegee (soos om mense te verbied om te trou of om sekere kosse te eet). Dit het hulle selfgedisiplineerd en regverdig laat voorkom.”

Paulus bespreek die ware bron van hierdie ketterlike leringe in 1 Timoteus 4:1: Eerder as om in die Bybel gegrond te wees, het hierdie leringe ontstaan uit “verleidende geeste en leringe van duiwels.” So sien ons dat die probleem in 1 Timoteus 4 verdraaide wêreldse asketisme was, nie gehoorsaamheid aan God se wette wat rein en onrein vleis definieer nie.

Paulus se veronderstelling was dat “die gelowige ... die waarheid ken” (vers 3) en bekend sou wees met die Skrifte wat identifiseer watter vleis spesifiek “geheilig [afgesonder is] deur die woord van God” (vers 5) vir ons genot. Hy het Timoteus aangemoedig om hulle te herinner om die Skrif hul gids te laat wees in plaas van hierdie asketiese leraars.

Soos in die situasie wat Paulus in sy brief aan die Kolossense bespreek het, was die probleem wat hy met Timoteus aangespreek het asketisme, nie nakoming van God se dieetwette nie.

’n Breër beskouing van die geskiedenis

Soos ons gesien het, bestaan daar geen skriftuurlike bewyse wat daarop dui dat lede van die vroeë Kerk ooit hul praktyk verander het om God se instruksies te volg aangaande rein en onrein vleis nie. In plaas daarvan sien ons die ondubbelsinnige woorde van een van die apostels wat toon dat hy, omtrent ’n dekade na Christus se dood en opstanding, “nooit iets onheiligs of onreins geëet het” nie.

Gee die Bybel ons enige ander aanduiding oor wanneer en vir hoe lank hier-

die wette van krag sou bly? Kom ons sit die hede opsy en beweeg vorentoe in die geskiedenis van die mensdom, na die komende tyd van Christus se terugkeer na die aarde om die Koninkryk van God te vestig. ’n Skerp gedefinieerde prentjie van Sy wil vir die toekoms verskaf addisionele begrip om ons in die hede te help lei.

Die boek Openbaring, in die beskrywing van die eindtydgebeure wat tot die wederkoms van Christus sal lei, gebruik die uitdrukking “’n versamelplek van allerhande *onreine* en haatlike voëls” (Openbaring 18:2). Waarom het Jesus hierdie beeld vir Johannes geïnspireer as rein en onrein benamings nie meer bestaan nie? (Jakobus 1:17; Maleagi 3:6; 4:4; Hebreërs 13:8; Matteus 5:17-19). Diere wat Hy duisende jare gelede as onrein gekategoriseer het, bly in die toekoms onrein.

Openbaring 18:2 kan figuurlik verwys na demone—wat “onrein geeste” in die Nuwe Testament genoem word. Tog sou so ’n metafoor nie sin maak as daar nie steeds ’n onderskeid was tussen werklike rein en onrein voëls nie. Let ook op dat onrein geeste met paddas vergelyk word in Openbaring 16:13. Weereens, eers wanneer ons verstaan dat paddas nog onrein is, verstaan ons hierdie vergelyking.

Nog ’n gedeelte wat verwys na die tyd van Jesus se terugkeer na die aarde, stel hierdie beeld voor: “Ky, die HERE kom met vuur. Sy oorlogswaens is soos ’n stormwind. Hy kom sy vyande straf met die wraak van sy woede. Hy voltrek sy straf met vuur. Met vuur en sy swaard kom die HERE om al wat leef te straf. Baie sal sterf weens die HERE se woede. Hulle wat hulleself wy en reinig om die tuin binne te gaan, wat *varkvleis en muise en afskuwelike dinge eet*, sal saam tot ’n verskriklike einde kom, sê die HERE” (Jesaja 66:15-17, *Nuwe Lewende Vertaling*). Hier sien ons dat, by Christus se wederkoms, die eet van onrein dinge veroordeel word en diegene wat dit doen sal gestraf word.

Die Bybelse standpunt is duidelik. Onderskeidings tussen rein en onrein vleis het bestaan lank voor die Nuwe Testament geskryf was; dit was gevolg deur die leiers en ander lede van die vroeë Kerk; en sal steeds van toepassing wees met die tyd van Christus se wederkoms in die toekoms, wanneer Hy hulle sal afdwing. Daarom moet hulle duidelik ook vandag waargeneem word deur lede van die moderne Kerk, wat “die gebooi van God bewaar en die getuïenis van Jesus Christus hou” (Openbaring 12:17).

Al het eerste-eeuse Christene met hulle gewete gesukkel oor vleis wat aan afgode geoffer was, toon die Bybel dat hulle in ooreenstemming met God se opdrag aangaande rein en onrein vleis gelewe het. Moet ons nie ook in ooreenstemming met daardie wette leef nie?

God het Sy wette ontwerp en gegee tot ons voordeel. Soos die apostel Paulus geskryf het, “die godsaligheid is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en die toekomstige lewe het” (1 Timoteus 4:8).

'n Kwessie van Gesondheid?

Help wetenskap en medisyne ons om beter te verstaan waarom die Bybel sommige diere as ongeskik vir menslike gebruik aanwys?

Waarom het God in die Skrif onderskei tussen rein en onrein vleis—die diere wat mense mag eet of nie mag eet nie? Is daar meer aan die storie? Kan ons 'n gesondheidsverbinding vind?

Die spesifieke rede waarom God die Israëliete beveel het om geen onrein diere te eet of selfs aan hulle karkasse te raak nie was, “wees heilig, want Ek is heilig” (Levitikus 11:44-45). Hier onderskei God nie spesifiek ter wille van gesondheid tussen rein en onrein diere nie.

Die groter konteks van Levitikus en Deuteronomium sluit egter baie kwessies van gesondheid en higiëne in. Die vier hoofstukke van Levitikus wat volg op die lys van rein en onrein vleis handel oor voorsorgmaatreëls na 'n bevalling, en die middele om die verspreiding van oordraagbare siektes te identifiseer en uit te skakel. Die onderskeid tussen rein en onrein vleis verskyn dus in 'n konteks van gesondheid en welsyn.

Is die onderskeid tussen rein en onrein vleis 'n kwessie van gesondheid? Het God dit geopenbaar as gesondheidsriglyne vir die eertydse Israëliete en, by uitbreiding, vir mense vandag? Kan die eet van diere wat as onrein geklassifiseer is onmiddellike of langtermyn skade aan ons gesondheid doen?

Geleerdes bied hul siening aan

Baie faktore soos dieet, genetiese samestelling, omgewing, oefening en goeie en slegte gewoontes beïnvloed ons gesondheid. Teologiese sowel as mediese navorsers het egter die voordele erken om die gesondheidswette van die Skrif te volg.

In kommentaar op Levitikus 11-15 sê *The Expositor's Bible Commentary*: “Oor die algemeen kan gesê word dat die wette Israel beskerm het teen slegte dieet, gevaarlike ongediertes en oordraagbare siektes. Slegs in onlangse dae is beter gesondheidswette moontlik met die vooruitgang van medisyne. Dit was praktiese wette wat God in Sy wysheid gegee het aan 'n volk wat nie die rede vir die bepaling kon weet nie ...

“Die Hebreër moes nie net vermy om onrein diere te eet nie; hy mag nie aan hulle dooie karkasse geraak het nie. So het die wette outomaties gehelp om ongediertes te beheer. Algemene onrein diere was spinnekoppe, vlieë, goggas, rotte en muise. 'n Dooie rot in 'n Hebreeuse huis was nie misgekyk nie. Dit was versigtig uitgehaal en begrawe. In 'n poging om sulke probleme te vermy, sou die Hebreeuse huisvrou normaalweg 'n skoon huis hê ...

“Dit is natuurlik waar dat sommige kulture soortgelyke reëls aangeneem het uit 'n slegte ervaring. Die [Ou Testament] het nie sy taboes van omliggende kulture gekry nie, maar sommige ander kulture het in later tye deur ervaring sommige van hierdie taboes aangeneem ... Die wette was wonderlik deur God gevorm vir die algemene gesondheid van die nasie” (R. Laird Harris, Vol. 2, 1990, bl. 569).

Teologieprofessor Roland Harrison skryf: “Die klassifikasie van dierspesies in rein en onrein kategorieë (Levitikus 11:1-47) is betekenisvol omdat dit deel van die Pentateugale mediese kode was, en dit die basis uitgemaak het van dieetregulasies wat steeds nagekom word deur ortodokse Jode en deur daardie heidene wat besorg is oor die handhawing van goeie fisiese gesondheid.

“Hierdie kategorisering is ook belangrik in die lig van die feit dat dit uniek is in die annale van die Nabye-Oosterse literatuur, omdat die klem nie soseer is op die vermyding van magiese praktyke wat met sekere dierspesies geassosieer word nie, as op die positiewe afbakening van dieetbeginsels wat bedoel is om die fisiese welstand van die individu en die nasie te verseker deur 'n konsekwente [voorkomende] benadering” (*Introduction to the Old Testament*, 1999, bl. 603).

Dokters bied hulle siening aan

Het die gesondheidswette van die Bybel 'n grondslag in mediese feite? S.I. McMillen, M.D., en David E. Stern, M.D., som hulle siening van die wette wat God aan die Israëliete geopenbaar het, op: “Vir eeue het epidemies duisende Egiptenare en Hebreërs doodgemaak. Antieke behandelings het selde gehelp. Dikwels was die ‘genesing’ erger as die siektes. Tog het God hier [Eksodus 15:26] 'n fantastiese belofte gemaak—vryheid van siektes.

“God het toe vir Moses baie gesondheidsreëls gegee, wat 'n hele gedeelte van die Bybel vul ... Moses het honderde gesondheidsregulasies opgeteken, maar nie 'n enkele huidige mediese wanbegrip nie.

“Duisende het egter deur die eeue gesterf omdat dokters die Bybelse reëls geïgnoreer het. Uiteindelik, toe dokters hierdie riglyne gelees en probeer het, het hulle vinnig ontdek hoe om die verspreiding van epidemies te voorkom. Dus kan Moses die vader van moderne infeksiebeheer genoem word. Selfs vandag trek ons steeds voordeel uit God se 3,500 jaar oue instruksies” (*None of These Diseases: The Bible's Health Secrets for the 21st Century*, 2000, bl. 11).

Rex Russell, M.D., voeg by: “Soos ons na moderne wetenskap en voeding kyk, sal ons vind dat ... daar 'n verstommende oorvleueling is tussen God se oorspronklike wette van rein en onrein en soliede higiëniese beginsels ... Die Skrif en mediese navorsing stem saam dat moderne lewenswyses sonder verwysing na God se wette en die doel daarvoor, die lewe verkort en die dood bespoedig” (*What the Bible Says About Healthy Living*, 1999, bl. 14, 16).

Voedingkundige David Meinz sê dat, alhoewel ons dalk nie alle aspekte van die Bybelse dieetwette verstaan nie, ons wys sal wees om dit te volg.

“Baie van die wysheid wat in die Bybel geopenbaar word maak nou vir ons

sin vanuit ons moderne perspektief,” sê hy, “maar moet dit beteken dat ons nie die areas sal oorweeg wat nog nie wetenskaplik bewys is nie?”

“Ons het eers die afgelope 50 jaar ontdek dat dierevet sleg is vir ons. Vir die Christen ’n eeu gelede het die opdrag in Levitikus 3:17 om dierevet te vermy, glad nie sin gemaak nie. Tog is dit vandag vir ons duidelik. Wat as daar iets in kreef is wat skadelik is vir ons gesondheid? Wat as ons eers oor 50 jaar van nou af ontdek wat dit is? Vereis ons wetenskaplike bewyse voordat ons die Bybel die voordeel van die twyfel gee?” (*Eating by the Book*, 1999, bl. 226).

Reginald Cherry, M.D., lewer kommentaar oor waarom mediese dokters en navorsers nou saam stem met die Bybel se opdrag om nie vet te eet nie.

“Hoekom is hierdie verbod op vet so belangrik vir ons?” vra hy. “Meer as 53 persent van mense in groot geïndustrialiseerde lande sterf aan hartsiektes. Hartsiektes word meestal veroorsaak deur vetneerslae wat in die are opbou, wat dikwels in die tienerjare begin” (*The Bible Cure*, 1998, bl. 34, grootdruk uitgawe).

Kulturele taboes of goddelike openbaring?

As daar getoon is dat sommige van die Bybel se dieetregulasies bewysbare gesondheidsvoordele bied, wat kan dit ons van die ander instruksies vertel? Dr. Cherry gaan voort: “... Die Ou Testament ... loop oor van baie openbarings van God oor higiëne, gesonde kos, en die ... voorkoming van siektes. As ’n mediese dokter wat spesialiseer in voorkomende medisyne, vind ek die Ou [Testament] fassinerend en interessant. Dwarsdeur sy antieke Hebreeuse teks vind ’n mens baie ontsluitende geheime en raaisels oor wat ons moet eet, hoe om besmette en bedorwe voorwerpe te vermy, en watter natuurlike stowwe gebruik kan word om geneesing te bewerkstellig ...

“Die Hebreërs het nie probeer om meer te weet oor anatomie, wetenskap of die natuurlike orde soos hulle eweknieë in die antieke beskawings van Egipte, Mesopotamië of Griekeland nie. Inteendeel, enigiets wat in die antieke Hebreeuse tekste van die Bybel ontdek kon word, moes na hulle toe kom deur die goddelike, bonatuurlike kennis wat deur God geopenbaar was. Wat ons dus uit die Ou [Testament] opdiep, spruit nie voort uit menslike spekulاسies oor gesondheid en medisyne nie, maar eerder uit God se spesifieke Woord aan ons oor Sy weg van geneesing vir ons—Sy skepping. As Skepper weet God meer van ons liggame. Sy skepping, as wat ons ooit deur filosofie of wetenskap sou kon ontdek ...

“Die lyste van rein en onrein diere in Levitikus 11 en Deuteronomium 14 het ’n betekenis wat dikwels geïgnoreer word. Hierdie lyste is ver van ’n katalogus van voedseltaboes gebaseer op ’n gier of gril, maar beklemtoon ’n feit wat eers laat in die vorige eeu [die 1800’s] ontdek is en steeds nie algemeen bekend is nie: Diere dra siektes wat gevaarlik is vir die mens” (bl. 27, 30, 39).

Gesondheidsrisiko vir die mens?

Dr. Russell vra: “Wat is so goed van ‘rein’ vleis, en wat is so sleg van ‘onrein’ vleis?” Hy gaan voort om te verduidelik dat “die vleis van rein diere soos bees-

vleis, en visse wat skubbe en vinne het, ideaal is vir die gesondheid van mense—net soos ons sou verwag van die hand van ’n liefdevolle Skepper ... Baie landdiere wat God ontwerp het vir kos, bied ’n bykomende voordeel deurdat hulle oor die algemeen gras en graan eet wat ook vir kos ontwerp is” (Russell, bl. 73-74).

Daarteenoor som David Mainz die potensiele gesondheidsrisiko op van die eet van wesens wat die Bybel as onrein klassifiseer. “Byna al die wesens op die onrein lys is aasdiere,” merk hy op. “In baie gevalle jag hulle nie vir hul eie kos nie; hulle eet die dooie en verrottende materie van ons omgewing. ’n Baber doen dit onder in ’n dam; krewen en garnale doen dit in die see. ’n Vark sal enigiets eet. Aasvoëls, amper per definisie, is bekend vir hul aasvoël-gewoontes” (Mainz, bl. 225).

Dr. Russell merk op dat “’n dier nie ’n aasdier hoef te wees om onrein te wees nie. Perde en hase is byvoorbeeld onrein omdat hulle nie gesplete hoewe het nie. Alhoewel dit in sommige lande as goeie kos beskou word, het studies getoon dat perdevleis dikwels virusse en parasiete bevat. Hase, so onskuldig as wat hulle voorkom, is die oorsaak van tularemie (’n aansteeklike siekte) by mense.

“Een rede vir God se reël wat varkvleis verbied, is dat die spysverteringstel-

’n Kwessie van Behoorlik Gaarmaak?

Wat van die algemene siening dat God die Israëliete verbied het om varkvleis te eet sodat hulle nie siektes, soos triginose, van ongaar vleis sou opdoen nie? Hou hierdie siening onder die loep?

Let op die gevolgtrekkings van Rex Russell, M.D.: “Sommige mense sê vir my dat anders as mense in Bybeltye, ons vandag vleis baie beter gaarmaak, en dat dit selfs onrein vleis onskadelik maak. Een Bybelkommentaar het beweer dat varkvleis in die Ou Testament verbode was omdat dit geëet was sonder om gaargemaak te word, en sodoende trichinose aan mense oorgedra het. Die skrywer het gedink omdat ons nou vleis kook, hoef ons nie meer daardie wet te volg nie.

“Na my mening is hierdie stelling verkeerd. Gesofistikeerde oonde en kooktoestelle is in die oudste argeologiese ruïnes gevind, insluitend die meeste van die Israëliete se ruïnes.

“Hulle het verstaan dat dit beslis belangrik

is om vleis gaar te maak. Kan ons met sekerheid aanneem dat siektes wat deur onrein diere veroorsaak word verdwyn het omdat ons dinge nou beter gaarmaak? ... Selfs die mikrogolfoond verhit vleis oneweredig, wat bakterieë en parasiete (soos trichinose) in vleis laat oorleef. Baie uitbrekings van bese infeksies het in sogenaamde gekookte kos ontwikkel. As die kos onrein is, moenie daarop reken om dit gaar te maak om jou te beskerm nie. Sommige van die giftigste gifstowwe word nie deur hitte vernietig nie.

“’n Ontnugterende verslag uit Skotland het aan die lig gebring dat voedselvergiftiging deur gifstowwe, virusse of bakterieë plaasgevind het ten spyte van deeglike inspeksie by elke stadium van voedselbereiding, insluitend die hantering en die gaarmaak daarvan” (*What the Bible Says About Healthy Living*, 1999, bl. 80).

sel van 'n vark heeltemal anders is as dié van 'n koei. Dit is soortgelyk aan ons s'n, deurdat die maag baie suur is. Varke is vraatsugtig en weet nooit wanneer om op te hou eet nie. Hul maagsure word verdun as gevolg van die volume kos,

'n Veelseggende Gebeurtenis Tydens Jesus Christus se Bediening

Baie mense neem aan dat Jesus Christus die onderskeid tussen rein en onrein vleis afgeskaf het alhoewel, soos ons gesien het, geen bewyse hiervoor in die Skrif bestaan nie. Die Bybel sluit egter 'n verslag in van 'n veelseggende voorval wat wys óf Jesus varke as geskik vir kos beskou het.

Voordat ons daardie verslag ondersoek, laat ons 'n deel van Christus se karakter verstaan—dat Hy blykbaar nooit verkwistend was nie.

By twee geleenthede tydens Sy bediening het Jesus op wonderbaarlike wyse 'n paar visse en brode vermeerder om groot skares te voed wat Hom gevolg het—by een geleentheid 4,000 en by die ander 5,000 (Matteus 14:15-21; 15:32-38). Maar, ten spyte van 'n oorvloed van voedsel, het Christus nie toegelaat dat enige daarvan tot niet gaan nie. “En nadat hulle [die skare] versadig was, sê Hy vir sy dissipels: maak die brokstukke bymekaar wat oorgeskië het, sodat niks verlore gaan nie” (Johannes 6:12).

Die dissipels het 12 mandjies met oorskietkos bymekaargemaak na die eerste van hierdie wonderwerke en sewe na die tweede. Hy het spesifiek vir Sy dissipels gesê om nie toe te laat dat enige daarvan weggegooi word nie.

Met hierdie begrip dat Jesus deernisvol en nie verkwistend met kos was nie, kom ons ondersoek 'n voorval waarby Hy en 'n paar onrein diere betrokke was—'n groot trop varke.

Markus 5:1-13 teken aan dat Jesus die See

van Galilea per boot oorgesteek het na die streek van Gádara, 'n heidense (nie-Joodse) gebied aan die oostelike kus. Daar is Hy ontmoet deur 'n duiwelbesete man van wie Hy binnekort baie bese teeste sou dryf.

In hierdie merkwaardige ontmoeting het die demone versoek dat Jesus hulle in 'n trop van 2,000 varke op 'n nabygeleë heuwel, instuur. Jesus het hulle versoek toegestaan en toe die demone die varke binnegaan, het die trop “van die krans af in die see gestorm en in die see verdrink” (vers 13).

Baie het kopgekramp oor hierdie verstommende voorval waarin Jesus die vernietiging van 'n waardevolle trop van 2,000 varke veroorsaak het—genoeg om baie duisende mense te voed. Tog moet ons nie verbaas wees as ons die Bybelse opdrag, dat hierdie diere nooit vir kos grootgemaak moes word nie verstaan, en hul eienaar het in stryd met God se wette opgetree.

Jesus het nie die varke as geskik vir kos beskou nie—selfs vir die heidene van hierdie area. Die deernisvolle Verlosser van die mensdom, die Een wat opdrag gegee het om stukkie brood en vis bymekaar te maak sodat niks tot niet sou gaan nie, sou nooit so 'n waardevolle hulpbron gemors het as Hy die varke as 'n aanvaarbare deel van die menslike dieet beskou het nie.

Jesus is “gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid” (Hebreërs 13:8). Diere wat Hy 2,000 jaar gelede as ongeskik vir menslike verbruik beskou het, bly ongeskik vir ons om in ons dag te eet.

wat alle soorte ongediertes toelaat om deur hierdie beskermende versperring te gaan. Parasiete, bakterieë, virusse en gifstowwe kan in die vark se vleis ingaan as gevolg van ooreet. Hierdie gifstowwe en aansteeklike middels kan aan mense oorgedra word wanneer hulle 'n vark se vleis eet” (Russell, bl. 76-77).

Don Colbert, M.D., voeg by: “Behalwe dat varke vrate is, is varke ook uiters vuil diere. Hulle sal vullis, ontlasting en selfs verrotte vleis eet. Alles wat geëet word, word gewoonlik deel van die vark se eie vleis ... Afgesien van die siektes wat gereeld deur varke gedra word, is varkvleis ook 'n baie vetterige vleis. Die gifstowwe in varkvleis word veral in die vet gehou, wat nie van die vleis geïsoleer is soos wat die geval kan wees in maer beesvleis nie, maar dit word eerder deur die vleis versprei” (*What Would Jesus Eat?*, 2002, bl. 49-50).

Gif op 'n bord?

Dr. Russell se ondersteunende bewyse vir sy sienings is nie vir die wat nie braaf is nie. Hy skryf: “In die Verenigde State word drie van die ses mees algemene voedselgedraagde parasitiese siektes van mense met varkvleisverbruik geassosieer. Dit sluit in toksoplasmose, taeniase of cystisercose (veroorzaak deur die varklintwurm *Taenia solium*) en trichinellose ...

“Dit word lank reeds erken dat die vleis van skulpvis—garnale, krappe, krewes, ens.—veral gevaarlik is. Baie siektes, insluitend onmiddellike verlamming, verwoes sommige mense elke dag as gevolg van die eet van skulpvis.

“Die grootste cholera-uitbreking in die Verenigde State het van Augustus tot Oktober 1986 in Louisiana plaasgevind. (Die simptome van cholera is uitbarstende diarree wat lei tot vinnige dehidrasie, bewusteloosheid, hipotensie en die dood.) Wat het die geteisterde mense geëet? Daar is gevind dat die inkriminerende maaltye rysnoedels met garnale, varkvleis, groente, mosselsop, varkbloed wat met asyn gestol is, en sout pekelgarnale met gemengde groente, ingesluit het.

“Skulpvis kan in 'n watermassa geplaas word wat met cholera-bakterieë besmet is, en hulle sal die water suiwer. Garnale, oesters, krappe, kammossels en mossels is besonder doeltreffend hiermee. Hulle filtreer elke dag groot volumes water. Riool wat vol chemikalieë, gifstowwe en skadelike bakterieë, parasiete en virusse is, word in daardie skulpvis gekonsentreer. Die oorsaak van cholera-uitbrekings in verskeie gebiede is opgespoor na besmette garnale, krappe, oesters en mossels.

“As jy dit alles lees, sal jy dalk nie verbaas wees om te hoor dat die Wetgewende Raad van Kalifornië 'n wet voorgestel het wat die voedselbedryf vereis om skulpvis te etiketteer met 'n boodskap wat waarsku: ‘Hierdie kos kan gevaarlik wees vir jou gesondheid’ nie. Hoekom? In 'n enkele jaar is gevind dat 50 sterftes en baie hospitalisasies deur die eet van skulpvis veroorsaak is” (Russell, bl. 78-79).

Watter doel dien hulle?

As sulke wesens nie gemaak is om geëet te word nie, hoekom het God hulle

geskape? Dr. Russell verduidelik: “In die eerste plek vervul hulle ’n nuttige rol om net die plek skoon te maak. Baie onrein diere, veral varke en skulpvis, is egter ongesond omdat hul dieet uit die samelewing se siektebelaaide vullis bestaan.

“Varke eet al meer as 100 jaar Philadelphia se vullis en rioolvuil, wat die stad \$3 [R453] miljoen per jaar aan stortingsterreine bespaar. Dit is ’n wyse gebruik van varke. Hulle is ontwerp om ons omgewing skoon te maak.

“Selfs wanneer hulle in hokke opgestapel word, floreer varkies op afval wanneer net die vark in die boonste hok kos ontvang. Boere het hul wins verhoog deur gratis rou riool aan varke te voer. Hoenderboere hou dikwels ’n vark aan sodat hulle van dooie hoenders ontslae kan raak sonder dat hulle dit hoef te begrawe” (Russell, bl. 81).

Sommige spesies visse en skulpvisse speel ’n soortgelyke rol in die water. Dr. Russell merk op dat “onder vis wat algemeen geëet word, toon die babers ... altyd die hoogste vlakke van kontaminasie in chemiese besoedelde water. Na chemiese stortings word plaaslike vissermanne gewaarsku om nie babers te eet nie” (ibid.).

Selfs kommersieel grootgemaakte babers is ’n potensiële gesondheidsrisiko, merk hy op. “*Consumer Reports* het vis getoets wat in verskeie marke in die Verenigde State gekoop is. Vis word as bederf beskou as die bakteriële telling meer as 10 miljoen per gram vleis is. Byna alle babers het tellings gehad wat teen 27 miljoen per gram van dié skaal afgegaan het, selfs wanneer dit behoorlik voorberei was” (ibid.).

Dr Russell se gevolgtrekking? “Alhoewel varke help om die aarde skoon te maak, en skulpvis en babers ideaal ontwerp is om die water te suiwer, wil ons nie eet wat hulle opruim nie!” (ibid.)

In die lig van sulke selde gepubliseerde feite, kan ons God se woorde deur Moses beter verstaan en waardeer: “Luister sorgvuldig na al hierdie woorde wat ek jou beveel, *dat dit met jou en jou kinders ná jou goed kan gaan tot in ewigheid*, as jy doen wat goed en reg is in die oë van die HERE jou God” (Deuteronomium 12:28).

Mag ons almal versigtig wees om “die onderskeid tussen wat onrein en rein is” (Esegiël 44:23), te maak.

Vir verdere hulp

As u vrae of opmerkings het oor die toepassing van die Bybelse voedselwette op Christene, skryf asseblief aan ons kantoor, unitedchurchofgod.sa@gmail.com. Ons personeel sal u graag bystaan.

United Church of God, South Africa

Posbus 73606
Lynnwood Ridge
0040

Telefoon: +27 79 725 9453

E-pos: unitedchurchofgod.sa@gmail.com

Webwerf: www.ucg.org.za

Internasionale webwerf: www.ucg.org

(United Church of God, *an International Association*)